DEEL 117 | WEEK 26 | 27 JUNIE 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# NGWATHE IN DIE SPERVUUR

## *Hof beveel ontbinding, munisipaliteit beplan appèl*

Die Vrystaatse Hooggeregshof het op 20 Junie 2025 'n skokuitspraak gelewer waarin die ontbinding van die Ngwathe Munisipale Raad beveel is. Die hof het die munisipaliteit skuldig gevind aan ernstige versuim in dienslewering en bestuursverantwoordelikhede – 'n besluit wat nou geappelleer gaan word.

Die uitspraak volg op 'n hofaansoek deur AfriForum, wat aangevoer het dat inwoners van onder meer Parys, Heilbron, Vredefort, Koppies en Edenville reeds jare lank gebuk gaan onder wanbestuur en gebrekkige dienslewering. Regter J.P. Daffue het bevind dat die munisipaliteit versuim het om aan sy grondwetlike pligte te voldoen, soos vervat in artikels 152 en 153 van die Grondwet. Die hof het die raad ontbind, 'n administrateur aangestel en die implementering van 'n herstelplan beveel – met verslaggewing elke drie maande aan die provinsiale regering.

Die hof het verskeie skokkende bevindings uitgelig:

- Geskeide water-en sanitasiedienste wat basiese toegang ondermyn.
- Gesondheidsgevare weens rioolstorting en besoedelde drinkwater.
- Begrotings- en bestuurswanorde, met administrasie wat in chaos verkeer.
- Verwaarloosde gemeenskapsbehoeftes, waar basiese dienste soos werkende toilette en skoon water nie beskikbaar is nie.

*Berig volg op bladsy 2*









# Ngwathe in die Spervuur

## *Hof beveel ontbinding, munisipaliteit beplan appèl*

***• Vervolg vanaf bladsy 1***

Dié ANC-beheerde Munisipaliteit en streekstrukture van die ANC in Fezile Dabi het 'n vinnige appèl aangekondig. Volgens regskenners is die uitspraak "fundamenteel gebrekkig" en bestaan daar verwarring oor die regsentiteite wat in die uitspraak genoem word. Die munisipaliteit voer aan dat die hof foutief bepaal het dat die "instelling" ontbind moet word, terwyl slegs die raad ontbindbaar is.


Regskenner Bonnie Nzunga en adjunk-direkteur-generaal Molefinyana Phera meen die uitspraak stel 'n gevaarlike presedent. Phera het aangevoer dat die hof die respondente verwar het – iets wat volgens hom "slegs deur appèl reggestel kan word".

Terwyl ANC-strukture die uitspraak teenstaan, het die Demokratiese Alliansie (DA) dit verwelkom. Raadslid Carina Serfontein het dit as "lank agterstallig" beskryf en verwys na jare van swak dienslewering, finansiële wanbestuur en 'n onrealistiese 2025/2026-begroting. Dié begroting van R2,099 miljard is deur die Vrystaatse Provinsiale Tesourie afgekeur en het onder meer onrealistiese verhogings in eiendomsbelasting (601%) en elektrisiteitstariewe (51%) ingesluit. Die omvang van die krisis in die Ngwathe Munisipaliteit word duidelik weerspieël in sy finansiële en infrastruktuur verwante ineenstorting. Die skuldlas het tot meer as R1,5 miljard gestyg, met Eskom en Rand Water as die grootste skuldeisers. Intussen het die 2023 Blue Drop-verslag die watergehalte in die gebied as uiters swak beoordeel, met slegs 11% vir drinkwater en 'n skamele 10% vir rioolwaterbehandeling.

Gereelde rioolvloei, beskadigde putte en wateronderbrekings het tot woedende protesaksies in dorpe soos Parys en Heilbron gelei. Die besoedeling van die Vaalrivier bly 'n kernkwessie vir inwoners. Finansieel verkeer die munisipaliteit in chaos, met uitgawes wat van R2,7 miljoen tot R31 miljoen opgeskiet het, terwyl ouditverslae op meer as R250 miljoen se ongeoorloofde besteding wys. Skokkend genoeg is slegs 4% van beskikbare fondse aan noodsaaklike water- en padinfrastruktuur bestee.

Die hofuitspraak het uiteenlopende reaksies van sleutelinstellings ontlok. Die Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersvakbond (SAMWU) het sterk standpunt ingeneem teen moontlike privatisering van munisipale dienste. Volgens hulle behoort hervormings eerder gefokus te wees op die herstel van water- en sanitasiedienste, asook die verbetering van finansiële bestuur. Die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (CoGTA) het aangedui dat hulle die uitspraak steeds deeglik bestudeer. Aan die ander kant het die Water- en Sanitasie-Instituut van Suid-Afrika (AWSISA) die hof se ingryping verwelkom. In 'n verklaring het hulle gewaarsku dat die voortslepende finansiële krisis in Ngwathe die volhoubaarheid van basiese dienslewering in die gebied ernstig bedreig

Die hof se besluit het 'n politieke en administratiewe vuurstorm in die Vrystaat ontketen. Terwyl die appèlproses voortduur, bly inwoners in afwagting – vasgevang tussen 'n hofuitspraak, politieke manewales en die hoop op werklike hervorming.



# Uit die Pen:

## Week 26

Ek luister baie na RSG. (Lag maar lekker: dis perfekte agtergrondgeruis.) Daar is een advertensie wat lui: "...Maar daar is een ding wat ons almal in gemeen het, en dit is dat ons almal 'n waardige begrafnis wil hê." Dalk die deursneepersoon, maar ek voel anders. Ek weet nie eers wat die term "waardige begrafnis" beteken nie.
Ek het altyd gedink my begrafnis moet as volg verloop:
1. Almal kom in die kerk bymekaar.
2. Die predikant moet vir die mense wat agterbly preek sodat hulle hulself bekeer as hulle nog nie het nie.
3. Elke begrafnisganger kan kom sê wat hulle van my kan onthou. Iemand sal dalk vertel hoe vies hulle al vir my was. Iemand anders sal sê hoe ek hulle gehelp het en iemand sal dalk kom vertel dat ek hulle laat lag het. Ek weet nie hoeveel mense dit sal kan doen nie, so ek dink dit sal sekerlik 'n korterige gepratery wees.
4. Die begrafnisgangers gaan dan iewers heen en drink 'n lekker whiskey op my.
Toe ek dit vir ons Oos-Vrystaatse predikant noem, vra hy my of ek uit die graf gaan regeer? Sedertdien het ek nog nie weer aan my begrafnis gedink nie. Maar ek dink ek staan nog by die eerste drie punte. Ek sal aan 'n alternatief dink vir die whiskey.
Vandag wens ek dat ek meer van die dood geweet het. Makaber, dink jy. Maar wat weet jy van die dood?
My gryse ou pa het altyd gesê dat dood 'n oorsaak het, al is dit 'n gebrek aan asem. En hy was nogal reg. Iets anders wat hy altyd gesê het, was: "Tye verander. Nou gaan mense dood wat nog nooit voorheen doodgaan het nie." In die kol, dink ek.
Ons Oos-Vrystaatse predikant het altyd gesê dat almal wil hemel toe gaan, maar niemand wil doodgaan nie. Die dood fassineer my, want dis die groot onbekende. Vir sekere mense dalk nie, want ons het al gehoor dat daar mense is wat 'n na-doodse ervaring gehad het. Dalk eerder naby-doodse ervaring. Want hulle het nie dood gebly nie, hulle kon kom vertel wat gebeur het. Dink maar aan die boek en gelyknamige fliek, "Heaven is for real." Dit laat mens weer dink aan die hiernamaals.
Almal moet eendag doodgaan. Dis net Enog wat nooit doodgegaan het nie. My Engelse Bybel stel dit mooi.
Genesis 5:24 Enoch walked faithfully with God; then he was no more, because God took him away.
Die res van ons moet almal eendag dooi.
Ek is seker dat Lasarus ook weer doodgegaan het, alhoewel ons niks van hom verder in die Bybel lees nie.
Jy kry mense wat snaakse idees het oor die dood. "Jesus pluk Sy mooiste blomme eerste." Regtig? Waar staan dit in die Bybel? Of iets soos: "Dis 'n pêrel vir Jesus se kroon." Ek weet dat dit is wat die Hallelujaliedjie sê, maar ek twyfel of dit skriftuurlik is. "Ek weet presies hoe jy voel." Nee, jy weet nie, want elke persoon ervaar die dood anders.
Ek het eendag, nie lank nà my rooikopsussie se dood nie, met my oudste boetie daaroor gepraat. Sy is dood in 'n motorongeluk tussen Gobabis en Otjiwarongo. Die motor se band het gebars en hulle het gerol. Die motor het deur die lug getrek en op haar kant geland. Ek het my boetie gevra hoe dit kon gebeur het? Meer nog: hoekom het die Here dit toegelaat? 'n Vraag wat ek so baie hoor.
Sy verduideliking was as volg:
Toe die motor se bande gemaak is, het die fabriek dalk 'n fout met die rubbermengsel gemaak. Die band het 'n swak plek gehad wat letterlik gewag het om te bars. Tot op die tyd wat binne God se toelaatbare wil was. Die band bars, die motor rol en as gevolg van gravitasie, middelpuntvlietende kragte en erge druk op 'n harde padoppervlak, is sy dood.
Maar laat ek nie uitbrei oor God se toelaatbare wil nie.
Bogenoemde is wat ek glo. Nie lank gelede nie luister ek een Saterdagoggend na 'n predikant wat oor die dood gesels. Gaan iemand dood omdat God dit so bepaal het, vra die aanbieder van die program. Nee, sê die predikant. Mense gaan dood omdat dit deel is van die lewe. Ek het in my kop bygevoeg dat daar allerhande natuurkragte is wat deel is van die draaiboek van die dood, dalk siektes wat veroorsaak word deur onsself, wat ons eet, wat ons drink, wat ons gedoen het. Ek wil amper sê daar is "logiese" redes waarom mens doodgaan. Wat ook deur God beheer word en kan word. Daaroor twyfel ek nie.
Uiteindelik lewe ons almal om dood te gaan.
Dis vreeslik om so daaraan te dink. Maar hoe dan anders, wonder ek?
Maar as jou saak reg is met God, dan het jy die ewige lewe en kan daarna feesvier soos Openbaring 4 sê.
As jy nie in die Here glo nie, moet dit swaar wees om te lewe asof daar nie 'n blinker, mooier, beter toekoms wag nie. Dan is dit net die hier en die nou wat vir jou belangik is. En vir sommige mense is dit belangrik om hier en nou 'n goeie mens te wees. Want dan het jy die paal gehaal. Wat ook al "goeie mens" beteken. As ek dit aan myself moet meet, is ek nie elke dag 'n goeie mens nie. Ek sukkel.
Ek weet van baie van my Christenvriende wat ook sukkel. Maar so sukkel ons saam, want ons bemoedig mekaar om op die regte pad te bly.
Ons herinner mekaar aan wat ons lees van die nuwe aarde, die hemel met sy goue strate en hoe ons net gaan sing en die Here loof.
Ek weet waarop ek wag terwyl ek hier op aarde my bes probeer.
Ek wens almal het dit geweet.

# Rekordpryse en ruim harte by Hilltop Savm-veiling

Die jaarlikse Hilltop Savm-veiling wat op Dinsdag, 24 Junie plaasgevind het, was ’n merkwaardige sukses – nie net vir die uitstekende pryse wat behaal is nie, maar ook vir die warm gemeenskapsgees wat die dag gekenmerk het. Die veiling is professioneel aangebied deur BKB.

Die dag is op gepaste wyse afgeskop met ’n spesiale bydrae: twee ooie is geborg vir George Roos van Heilbron ten bate van sy beenmurgoorplanting. Hierdie gebaar het dadelik die toon gesit vir ’n dag van gee én groei.

Op die veiling self het pryse nuwe hoogtes bereik. Die duurste ram, Lot 2, is verkoop vir R50 000 aan Kobus van Coller van Kroonstad. Die gemiddelde prys vir ramme was R18 760 – ’n bewys van die genetiese waarde en kwaliteit wat Hilltop Savm aan bied. Die stoetooie se pryse was ook indrukwekkend: Tweeling dragtig: R5 175 gemiddeld, Eenling dragtig: R3 730, Oop ooie: R2 966, Kommersiële dragtige ooie: R3 500.

Faans en Estian Pretorius het met uitsonderlike diere op die dag uitgeblink – hulle kudde het beslis vir hulself gepraat. Ook Stiaan Smit is bedank vir sy uitstaande bydrae – “’n yster”, soos een koper dit gestel het.

Die veiling was ’n toonbeeld van wat moontlik is wanneer gehalte, toewyding en gemeenskap saamkom – met uitsonderlike pryse én ‘n hart vir mekaar.



***Sterspan agter suksesvolle Hilltop Savm-veiling:*** *Voor v.l.n.r.: Stiaan Smit (BKB bemarker), Faans Pretorius (Hilltop Savm – verkoper), JD Steyn (Takbestuurder: BKB Frankfort). Agter v.l.n.r.: Jan Mostert (BKB afslaer), Estian Pretorius (Hilltop Savm – verkoper), Karel du Plessis (BKB Skaap en Wol). Die span het ’n sleutelrol gespeel in die puik aanbieding en rekordpryse tydens die 2025 Hilltop Savm-veiling.*

# Troukoors



Mike en Leandri Pieterse is getroud op 21 Junie 2025 by ‘n intieme seremonie op die strand in Langebaan saam familie en vriende. Mike is die seun van Zahn en Louise Pieterse woonagtig in Langebaan en Leandri is die dogter van Wolter en Liaanie Bennink woonagtig in Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Langebaan.



# Phitshana Public School Hosts Successful Mini Cricket Tournament



Phitshana Public School was a hub of excitement and sportsmanship this past Saturday as the school hosted a lively Mini Cricket Tournament on its grounds. The event drew enthusiastic participation and showcased the school's commitment to developing young sporting talent.

The tournament was held under the leadership and guidance of Ms. Tladi, Mr. Majoe, Portia Mosholi, and other dedicated Assistant Educators (AEs). Their combined efforts ensured that the day was well-organized, fun-filled, and a valuable learning experience for all involved.

The cricket team, with the support of the school staff, played a key role in bringing the event to life—creating an opportunity for learners to engage in healthy competition, build teamwork, and nurture a love for the game.

The school extends its gratitude to all staff, learners, and community members who contributed to making the tournament a success. Events like these continue to build school spirit and highlight Phitshana Public School's commitment to holistic education through sport and leadership.

## Phitshana Shines at Cross Country Event



Phitshana Public School has once again made headlines with outstanding performances at a recent cross country competition. Three of the school's learners secured first place positions, earning gold medals for their exceptional efforts. Congratulations go to: Mthembu Nothando, Phakela Vuyo and Phakela Thabiso

In addition to the gold medalists, several learners were also recognized for their participation and determination, receiving certificates of achievement. These learners are: Motaung Semakaleng, Mphasane Katleho and Mabale Katleho.

This success is a reflection of the hard work and dedication not only of the learners but also of their committed educators. Special thanks and appreciation go to the teachers who guided and supported the team: Mr. Leemisa, Ms. Tladi, Ms. Mkhwanazi, J. Sibeko and M.L. Sejake

The school's principal, Mr. W.T. Mokoena, expressed pride in the learners' achievements and commended the staff for their continued dedication.

# NJ Roadside Assist & Mobile Repairs maak amptelik oop

## *Diens van gehalte nou beskikbaar in Pienaarstraat*



*Op die foto Juanita en Nico Engelbrecht.*

Motoriste in en om Heilbron kan nou met gemoedsrus die pad aandurf, danksy die opening van NJ Roadside Assist & Mobile Repairs, geleë in Pienaarstraat, agter die beheerkamer. Hierdie nuwe onderneming bied 'n wye reeks meganiese dienste en noodgevalhulp, 24 uur per dag, sewe dae per week.

Die man agter die stuur van sake Nico Engelbrecht, is 'n gesoute werktuigkundige met meer as 20 jaar ondervinding in die herstel van swaarvoertuie, stropers, trekkers, karre, ratkaste, klutsstelsels en meer. Sy deeglike kennis en passie vir voertuigtegnologie maak hom die ideale persoon om hierdie diens aan die gemeenskap te bied.

Wat NJ Roadside Assist & Mobile Repairs onderskei, is hulle kliëntgerigte benadering. Buiten die omvattende herstelwerk wat by hul perseel aangebied word, beskik hulle ook oor 'n sleepwa of loubed-waentjie wat voertuie veilig kan oplaai en vervoer – 'n gerieflike oplossing vir kliënte wie se motors langs die pad gaan staan.

"Ons is trots daarop om 'n diens te lewer wat nie net professioneel is nie, maar ook gerieflik en toeganklik. Ons verstaan dat 'n voertuigprobleem enige tyd kan gebeur, daarom is ons 24/7 beskikbaar om te help," sê Engelbrecht.

Of dit nou 'n pap band, 'n enjinprobleem of 'n ratkas wat pla is – NJ Roadside Assist & Mobile Repairs staan gereed om vinnig en doeltreffend op te tree.

Vir betroubare hulp langs die pad of deeglike meganiese herstelwerk, is NJ Roadside Assist & Mobile Repairs nou die naam om te onthou. Kliënte kan gerus wees: hier word diens gelewer met kundigheid, omgee en toewyding.

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Ringerstraat Jeugsorgsentrum het op Vrydag die 20ste Junie, ‘n uitreik gedoen by die Koppies vir Jesus groep. Die hooffokus van Koppies vir Jesus is om vir minderbevoorregte inwoners van Koppies die nodige vaardighede te leer om in die allerdaagse lewe te funksioneer. Ons wil graag die gemeenskap van Heilbron ook inlig aangaande praktiese maniere om respek te toon.

**So wat is respek:**
Ek kan nou lang definiesies gaan opsoek om te verduidelik maar vir my om dit te verstaan is dit maklik om respek as volg op te som: Aksies wat lei na reaksies en hoe jy jouself sien
Hier is praktiese wenke om jou vlak van respek te evalueer:
**Oë:** wanneer jy iemand groet, kyk hulle in die oë. Dit wys jy sien hulle as mens raak. Sien ook dit raak wat ander doen en gee erkenning vir dit. Dit wys jy sien hulle harde werk of dit wat spesiaal is raak.
**Ore:** Luister wat die persoon sê en moenie net luister om te antwoord nie. Soms moet jy ook jou ore toedruk as ander sleg praat van iemand anders sodat jy nie saam sleg praat nie.
**Mond:** Woorde het baie sterk betekenis. Hulle noem dat die tong soos ‘n swaard kan wees. Dus moet mens dink oor wat mens vir iemand sê. Dink aan woorde wat mooi is. Soms kan jou stemtoon ook ‘n rol speel. So praat mooi met iemand. Dit beteken ook om nie op iemand te skree nie of om selfs iemand te vloek of name te noem.
Neus: om skoon en lekker te ruik is ‘n manier om respek vir jouself te wys. Dit beteken jy moet bad en skoon klere aan trek. As jy jouself nie met sulke eenvoudige manier respekteer nie hoe kan jy van ander verwag om jou te respekteer.
**Hande:** Respekteer ander se besittings. Moenie dit steel of breek nie. Sit jouself in daardie persoon se skoene en dink hoe sou dit voel as dit jy was. Respekteer ook ander se liggame. Moenie hulle fisies seermaak nie of in bakleiery betrokke raak nie. Onthou sit neer daai selfoon ingesprek wat wys dat jy nie die ander persoon as belangrik sien nie.
**Hart:** wees dankbaar en wys dit. Dit is woorde soos dankie as iemand vir jou iets doen. Soms neem ons alles as ons reg, maar as iemand iets vir jou doen is dit hulle wat optree en daardie besluit maak. Mens kan nie van almal hou nie maar kan nogsteeds vriendelik wees en hulle aanvaar vir wie hulle is. God het ons almal uniek gemaak en geweet ons gaan nie van almal hou nie maar om respekvol te wees sê meer van jouself as van die persoon wat jy nie van hou nie. Moenie ook ander mense veroordeel nie want jy weet nie hulle storie nie.
**Voete:** staan op en doen iets vir iemand. Respek is ook om ander te help of om iets eenvoudig te doen soos iemand eerste deur die deur te laat stap of om op te staan as iemand ouer wil sit. Laastens tree op soos jy wil hê iemand moet optree. As jy respek soek, hanteer ander met respek. Onthou elke aksie het ‘n reaksie. Respek lei na respek en disrespek lei na disrespek.
Nou hoe kan ons regmaak as jy disrespekvol was:
Die eerste manier is om jammer te sê. Dit wys jy erken jy was disrespekvol en dat jy dit wil regmaak. Dan moet jy wys jy het geleer uit jou fout. Die bewyse gaan nogsteeds daar wees maar die stresvolle gevolge gaan weg wees.
Onthou dat jy elke dag die keuse gaan hê om die regte gedrag te toon. Dink aan ‘n verkeerslig voor jy optree. Gaan dit rooi (verkeerd) of groen (respekvol) wees.

# Kleindogter van oud-Heilbronner na Spanje vir danskompetisie

Maylie Claassen, ’n 15-jarige leerder van Hoërskool Sasolburg en kleindogter van oud-Heilbronner Louise (Booysen) Claassen, is opgeneem in ’n span van 15 talentvolle danseresse van Georgina’s Dance Studio in Vaalpark wat Suid-Afrika gaan verteenwoordig by die prestigeryke Dance World Cup in Spanje.
Onder leiding van die ervare afrigter, juf. Georgina Jacobs, vertrek die groep op Maandag 30 Junie en sal tot 14 Julie in Madrid vertoef. Die span gaan deelneem in verskeie danskategorieë, insluitend ballet, Spaanse danse en kontemporêre danse.
Vir hierdie jong danseresse is dit ’n droom wat waar word. Die gemeenskap wens hul alle sukses toe met hul optredes, asook ’n veilige en geseënde reis.


*Op die foto: Maylie Claassen saam met haar afrigter, juf. Georgina Jacobs.*



## Huis-Bron-van-Heil neem afskeid van Betsie

*Lede van die direksie van Huis-Bron-van-Heil het op Woensdagmiddag, 25 Junie afskeid geneem van Betsie Smal. Betsie het in Oktober 2020 by Huis-Bron-van-Heil as betuurder van die tehuis begin werk. Sy verhuis na Senekal. Op die foto vlnr: Louise van der Westhuizen, Helgard Claasen, Betsie Smal, Jakomi Terre’blanche en Jannie Jansen.*

# Jong duiwe steel die skou by Heilbron Duiweklub se vierde wedvlug

Saterdag 21 Junie het die Heilbron Duiwe Reis Klub hul vierde wedvlug van die seisoen aangebied met duiwe wat vanaf Colesberg vrygelaat is. Die weer was perfek vir vlug—sonnig, helder en sonder enige wind. Beide die jong en open duiwe het aan die vlug deelgeneem, en indrukwekkende tye is opgestel.

Die jong duiwe is reeds vroegoggend om 08:15 vrygelaat en het oor 'n afstand van 472,623 meter gevlieg. Dries Cilliers het met sy uitmuntende span die eerste plek losgeslaan toe sy duif die afstand voltooi het teen 'n blitsige 1,383.630 meter per minuut (mpm). Peet van Zyl het die tweede en derde plekke behaal, met sy duiwe wat onderskeidelik 1,382.525 mpm en 1,379.564 mpm gevlieg het. Altesaam 72 jong duiwe het aan dié vlug deelgeneem.

Later die oggend, om 08:45, is die open duiwe losgelaat—ook oor die afstand van 472,623 meter. Van die 90 duiwe wat deelgeneem het, het Dries Cilliers van OJS Hokke weereens sy plek bo-aan die uitslaelys bevestig. Sy wenduif het met 'n spoed van 1,379.725 mpm oor die eindstreep gesweef. Die tweede plek is ook deur Dries se duif ingeneem met 'n tyd van 1,379.657 mpm. Peet van Zyl het in die derde plek geëindig met 'n tyd van 1,377.419 mpm.

Die klub is trots op die uitslae en deelnemers, en sê dankie aan al die duif eienaars vir hul toewyding. Met vier vlugte agter die rug, beloof die seisoen om opwindend te eindig. Die volgende vlug word reeds met groot afwagting beplan.


## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 5 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22






# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 21 Junie 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Edenburg gevlieg en die duiwe is om 07:30 gelos. Die wen duif is om 11:10 geklok op Reitz. Daar het 7 lede en 259 duiwe deelgeneem.

1. Heine Hokke
2. Heine Hokke
3. Heine Hokke
4. Spartan Pigeons 2
5. Spartan Pigeons 3
6. Spartan Pigeons 2
7. Spartan Pigeons 2
8. Spartan Pigeons 2
9. Spartan Pigeons 3
10. Heine Hokke

Na die eerste drie wedvlugte oorheers bogenoemde drie hokke die top 10 plekke in die klub.

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Trompsburg.



*Op die foto regs is Herkie Swart van Heine Hokke met die wenduif 3257.*


FMG Afslaers Auctioneers

**28 Junie 2025**
Veiling te Ringerstraat 70, Heilbron

Begin om 10:00

Navrae:
Frik 079 585 7491

Potte, panne, glasware, inlê bottels, speelgoed, puzzles, boeke, linne, gordyne, ornamente, yskaste, plastiese ware, Tupperware, tafels, visgery, resiesfiets, naaldwerkmasjien, stoele, kombuiskas, hangkas en vele meer....




# KENNISGEWINGS

**VERLORE TITELAKTE**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T10010/2002** geregistreer in die naam van **ISAK THOMAS HEYMANS** en **MARGARET MOIRA HEYMANS,** ten aansien van **RESTANT VAN ERF 30 LINDLEY, DISTRIK LINDLEY, PROVINSIE VRYSTAAT,** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 24ste dag van Junie 2025.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/G21355**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY, BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**Kontaknommer: 051-436 1209**

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

Kontak ons vir enige skryfbehoefte-benodigdhede

*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*

Herald Office National




# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

**BESIGHEIDSURE** POSTNET HEILBRON
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

Herald Office National

## JAARBEPLANNER 2025

**AUGUSTUS**
- 1 Aug. - BoereTreat Gholf
- 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub




## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
- **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
- **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

## YOU THINK IT - WE PRINT IT
## YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST




marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 968 8078



HERALD Sport

# Heilbron Rolbalklub se trots

Dit was die afgelope naweek Noord Vrystaat Enkel Kampioenskappe. Heibron Rolbalklub se Tracy Jacobs het silwer verower. Die klub is baie trots op Jacobs. Sy was die enigste speler van Valsrivier in die semi-finale.



*Op die foto vl: Louis Nel (Waarnemende president van NFS Rolbal en Tracy Jacobs.*














WINKELURE
Heilbron Herald
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 30 JUNIE 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
GILEAD Kwartaalikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DINSDAG - 1 JULIE 2025
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ARLINGTON 2 Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DAVEL: ERMELO BONSMARA GROEP
10DE PRODUKSIEVEILING
11:00, The Bull Ring
Kontak Chris Bezuidenhout 079 065 1283

WOENSDAG - 2 JULIE 2025
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
ERMELO: KOJO BOERDERY
4DE BEES PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Weltevreden
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242

DONDERDAG - 3 JULIE 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
HARRISMITH: MANDY FARMING
BOVELDER PRODUCTION SALE
11:00, Welgegund
Kontak Martienie Theunissen 076 420 4115

VRYDAG - 4 JULIE 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/013435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071